higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSVAARDIGHEDE EN REKENAARGELETTERDHEID

(Eerste vraestel)

NKR VLAK 4

(7601064)

9 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

188Q1N2209

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs 'n swart of 'n blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Werkgewers het die reg om werknemers te verhoed om ...

A aan stakings in die werkplek deel te neem.
B lid te word van 'n vakbond in die werkplek.
C om 'n vakbond in die werkplek te stig.
D tydens werksure met vakbondsake besig te wees.

1.2 Ouers moet ... vir die koste daarvan om 'n kind groot te maak.

A begroting
B beleggings onttrek
C beplan
D organiseer

1.3 Geskil- ... in die werkplek help om 'n vreedsame werksomgewing te skep.

A revolusie
B opstand
C herroeping
D oplossing

1.4 Diskriminasie teen mense met MIV en VIGS is 'n ...

A oortreding van menseregte.
B menseregterekord.
C menseregteaanstelling.
D menseregtemobilisasie.

1.5 Werknemers moet aan 'n ... -kode voldoen.

A geleidings
B geleiers
C gedrags
D geleidings

1.6 'n Verwysing in 'n CV help om ...

A agtergrond oor 'n kandidaat se persoonlike lewe te verskaf.
B details oor 'n kandidaat se karakter, vaardighede en vermoëns te verskaf.
C 'n kandidaat se kriminele rekord se verskaf.
D inligting oor die kandidaat se familie-agtergrond te verskaf.

Kopiereg voorbehou

1.7 Na 'n onderhoud, moet kandidate die korrekte ... volg.

A voorstel
B protokol
C voorsetsel
D projek

1.8 Mense wat met MIV/VIGS leef moet 'n behoorlike ... -plan hê.

A heerlike
B smaaklike
C neutrale
D eet

1.9 Watter EEN van die volgende stelling is korrek?

A Alle tipes stres moet bevorder word.
B Slegte stres help om stressors te bestuur.
C Stres en depressie hou verband.
D Stres is nie 'n geestesteuring nie.

1.10 Daar word van die bestuur vereis om 'n veilige ... -omgewing te verskaf.

A sosialiserings
B ontspannings
C werks
D loop

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

2.1 Studente wat onvoorbereid is, maak foute in die eksamen.

2.2 Plundery en oproer vernietig werk.

2.3 Stressors help om die pyn van stres te verminder.

2.4 'Tailgating' beteken om stadig te bestuur.

2.5 Loonooreenkomste word deur vakbonde bepaal.

(5 × 2) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Om 'n ander se kind wettiglik te neem en as jou eie groot te maak	A	openlike kritiek
3.2	Wanneer ouers hul kinders aanvaar, lief het en toegeneentheid teenoor hulle toon, selfs as hulle foute maak	B	goeie ouerskap
3.3	Dit is 'n byvoeglike naamwoord om jou kind se karakter te beskryf	C	vernedering
3.4	Om opdragte te gee en vir jou kinders te sê wat hulle moet doen en nie moet doen nie	D	gesaghebbend
3.5	Word gekenmerk deur 'n gebrek aan sensitiwiteit vir 'n kind se behoeftes	E	aanneming
3.6	Om jou kinders en hul gevoelens te verstaan	F	voorwaardelike liefde
3.7	Gebaseer op die omstandighede waarin 'n persoon voel dat hy/sy teenwoordig moet wees om iemand lief te hê	G	oordrewe ouerskap
3.8	Om vernederende of onthullende stories te vertel in 'n poging om die kind se ingesteldheid of gedrag te manipuleer	H	nalatigheid
3.9	Kan dit nie verdra as 'n kind seerkry, faal of 'n fout maak nie	I	onvoorwaardelike liefde
3.10	Om kinders gedurig voor ander uit te skel	J	etikettering
		K	vergelyking
		L	empaties

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK te skryf.

4.1 Kiesers moet oor die nodige ... beskik om te kan stem.

4.2 Die Departement van ... beskik oor hulpbronne wat werknemers kan gebruik.

4.3 ... van verkeersongelukke vereis meer bloed.

4.4 Die ... simptome van stres kan waargeneem word.

4.5 ... is die fisiese of psigologiese verwaarlosing van 'n kind.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 5

5.1 Die toenemende aantal padongelukke op Suid-Afrikaanse paaie vereis nuwe verkeersveiligheidsmaatreëls.

5.1.1 Verduidelik wat jy onder *verkeersveiligheidsmaatreëls* verstaan. (2)

5.1.2 Noem TWEE verkeersveiligheidsmaatreëls wat gewoonlik deur motoriste verontagsaam word. (2)

5.1.3 Verduidelik TWEE voordele daarvan om verkeersveiligheids-maatreëls na te kom. (2)

5.2 Padongelukke het 'n invloed op die werksmag en die regering moet meer doen om verkeersongelukke te voorkom.

5.2.1 Verduidelik kortliks TWEE wyses waarop verkeersongelukke werkproduktiwiteit kan beïnvloed. (2)

5.2.2 Stel TWEE strategieë voor wat die regering kan instel om die aantal padongelukke te verminder. (2)

[10]

TOTAAL AFDELING A: 45

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 6

Die volgende is sommige van die lesse wat tydens die COVID-19-pandemie geleer is:

- Dit is belangrik om stres te bestuur
- Studievaardighede is belangrik
- Dit is belangrik om misleidende inligting en vals nuus te kan uitken
- Dit is belangrik om na 'n mens se werk om te sien

6.1 Tydens die pandemie het studente baie onderrigtyd verloor en het besef dat studievaardighede baie belangrik is.

6.1.1 Noem DRIE doeltreffende studievaardighede wat studente kan gebruik. (3)

6.1.2 Noem TWEE voordele daarvan om studievaardighede te gebruik. (2)

6.1.3 Verduidelik wat sal gebeur indien studente nie doeltreffende studievaardighede gebruik nie. Gee TWEE antwoorde. (2)

6.2 In 'n onsekere ekonomiese klimaat is dit belangrik dat 'n mens na jou werk omsien, aangesien uitdiensstellings algemeen voorkom.

6.2.1 Dui aan wat jy onder *uitdiensstelling* (*'retrenchment'*) verstaan. (2)

6.2.2 Noem TWEE vaardighede wat die kanse verbeter om tydens moeilike ekonomiese omstandighede jou werk te behou. (2)

6.3 Tydens moeilike tye ervaar die meeste mense stres. Stresbestuur is belangrik vir geestesgesondheid.

6.3.1 Bespreek wat jy onder *stresbestuur* verstaan. (2)

6.3.2 Stel DRIE praktiese maniere voor om stres te bestuur. (3)

6.3.3 Identifiseer TWEE tipes slegte stres wat mense tydens moeilik tye beïnvloed. (2)

6.3.4 Verduidelik TWEE maniere waarop stres mense se persoonlike lewens beïnvloed. (2)

[20]

VRAAG 7

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Oproer, betogings en plundery in Suid-Afrika



Die stad van Durban skat dat R1 miljard se skade en verlore goedere, saam met 129,000 poste wat in gedrang is, die stad se bruto binnelandse produk soveel as R1,4 miljard kan kos.

Miljoene Suid-Afrikaners sukkel steeds, veral tydens verswakkende ekonomiese toestande, wat deur die koronavisurpandemie aangeblaas is.

Ncube het gesê: "Ons kinders word groot in die wete dat plundery nie 'n misdaad is nie. Oor 10 jaar in die toekoms, sal ons dit elke jaar doen."

[Bron: *www.nbcnews.com/news/world/after-protests-looting-tear-through-south-africa-nation-wonders-what-n1275585*]

7.1 Oproer, gewelddadige betogings en plundery is nie maniere om probleme op te los nie.

7.1.1 Evalueer die invloed van plundery op die plaaslike gemeenskappe. Gee DRIE antwoorde. (3)

7.1.2 Noem DRIE negatiewe gevolge van gewelddadige betogings. MOENIE antwoorde uit die teks gee nie. (3)

7.2 Duisende mense is tydens die onlangse oproer, gewelddadige betogings of plundery uit diens gestel of afgedank.

7.2.1 Verduidelik TWEE maniere waarop uitdiensstelling individue kan beïnvloed. (2)

7.2.2 Stel DRIE strategieë voor wat afgedankte werknemers kan help. (3)

7.3 Ouers het die verantwoordelikheid om te voorkom dat hul kinders by kriminele aktiwiteite betrokke raak.

7.3.1 Noem DRIE strategieë wat ouers kan gebruik om hul kinders te leer dat plundery 'n misdaad is. (3)

7.3.2 Verduidelik TWEE ouerskapstyle wat kriminele gedrag by kinders aanmoedig. (2)


7.4 Een van jou kollegevriende erken aan jou dat hy al vir plundery en oproer in hegtenis geneem is. Hy het onlangs by die Suid-Afrikaanse Polisiediens vir werk aansoek gedoen.

7.4.1 Gee TWEE redes waarom jou vriend waarskynlik NIE 'n werk gaan kry nie. (2)

7.4.2 Noem TWEE lesse wat kollegestudente uit die onlangse oproer, gewelddadig betogings en plundery kan leer. (2)
[20]

VRAAG 8

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Infeksie met MIV en TB word MIV/TB-infeksie genoem. Die kanse dat 'n onbehandelde latente TB-infeksie tot TB in mense met MIV kan lei, is groter as by mense sonder MIV. By mense met MIV, word TB as 'n VIGS-bepalende toestand beskou. VIGS-bepalende toestande is infeksies en kankers wat lewensbedreigend vir mense met MIV is.

[Bron: *www.hivinfo.nih.gov/understanding-hiv/fact-sheets/hiv-and-tuberculosis-tb/*]

8.1 TB is aktief en kan in die liggaam groei.

8.1.1 Gee EEN doeltreffende manier om TB te behandel. (1)

8.1.2 Beskryf VYF maniere wat gebruik kan word om te voorkom dat TB van een persoon na 'n ander versprei. (5)

8.2 TB-infeksie kan tot stigmatisering, diskriminasie en miskenning van menseregte lei.

8.2.1 Bespreek wat jy onder *diskriminasie as gevolg van TB* verstaan. (2)

8.2.2 Identifiseer TWEE maniere waarop werknemers wat met TB leef, gestigmatiseer word. (2)

8.3 VIGS-bepalende toestande is lewensbedreigend vir mense met MIV.

8.3.1 Noem VIER regte van werknemers wat aan MIV/VIGS lei. (4)

8.3.2 Noem TWEE maniere waarop diskriminasie 'n impak op werknemers het wat MIV-positief is. (2)

8.3.3 Gee VIER maatreëls wat die bestuur kan instel om mense wat met MIV/VIGS saamleef, te beskerm. (4)

[20]

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 9

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.



Deur jouself tydens 'n onderhoud goed bekend te stel en die vrae goed te beantwoord, kan daartoe lei dat jy die werk kry.

[Bron: *www.google.com/search=Why+it+important+to introduce professional at the interview*]

9.1 Jou optrede tydens die onderhoud moet 'n goeie indruk skep.

9.1.1 Gee DRIE redes waarom dit belangrik is dat die onderhoudgewer hom-/haarself tydens 'n onderhoud behoorlik moet bekend stel. (3)

9.1.2 Voorspel wat sal gebeur indien onderhoudgewers hulself nie tydens 'n onderhoud behoorlik bekendstel nie. Noem DRIE gevolge. (3)

9.2 Die onderhoudnemer moet ingelig wees oor verskillende tipes onderhoude en behoort daarvoor voor te berei.

9.2.1 Noem DRIE tipes werkonderhoude. (3)

9.2.2 Verduidelik waarom dit vir die onderhoudgewer belangrik is om woede tydens 'n onderhoud te beheer. Gee DRIE redes. (3 × 2) (6)

9.3 Indringende vrae vereis meer besonderhede oor 'n bepaalde saak. Dit is gewoonlik opvolgvrae.

Verduidelik hoe om die volgende indringende vrae te beantwoord:

9.3.1 Noem DRIE ander vaardighede waaroor jy beskik wat jou die beste kandidaat vir die pos maak. (3)

Kopiereg voorbehou

9.3.2 Gee TWEE brokkies inligting oor die rekenaarvaardighede waaroor jy beskik. (2)
[20]

VRAAG 10

Lees die teks hier onder en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Steve is 'n tydelike werknemer by 'n motormaatskappy. Sy toesighouer het gesê dat die pos belangrik is, en dat, indien hy dit goed doen, hy moontlik permanent aangestel kan word.

10.1 Bespreek wat jy onder *tydelike werknemer* verstaan. (2)

10.2 Om permanente werk te kry, moet Steve sekere gedrag toon.

Noem SES tipes gedrag wat 'n mens se kanse op permanente indiensneming kan verbeter.
(6)

10.3 Noem VYF redes waarom dit belangrik is om 'n werk te hê. (5)

10.4 Lewenslange leer is belangrik in 'n veranderende werkomgewing.

10.4.1 Dui aan wat *lewenslange leer* is. (2)

10.4.2 Verduidelik VIER voordele van lewenslange leer aan Steve. (4)

10.5 Die bestuurder het vir Steve gesê dat hy swak gedrag wat tot wangedrag kan lei moet vermy indien hy 'n permanente pos wil hê.

Skryf 'n paragraaf van SES sinne om swak gedrag, wat daartoe kan lei dat Steve vir wangedrag aangekla word, te beskryf. (6)
[25]

TOTAAL AFDELING C: 45
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou